Uitdagings

VIR KLEINGROEPLEIERS

Nico Simpson

Hoe bestuur 'n mens die komplekse dinamika van 'n kleingroep? Nico Simpson leraar van die NG gemeente Brackenfell, ondersoek 'n paar uitdagings waarmee kleingroepe gekonfronteer word.

Gemeentes fokus al meer op die belangrikheid van kleingroepe. Kleingroepe is egter 'n komplekse sosiale dinamika wat goed bestuur en gelei behoort te word. Hier volg 'n paar uitdagings wat kleingroepe vandag in die gesig staar.

Maak dit veilig

Die lede van 'n groep moet hulle kleingroep as 'n veilige hawe ervaar. Een waar hulle kan kom rus en weer genees word. Die implikasie hiervan is dat ons weer sal moet dink oor ons *groei-en-verdeel* kleingroep-teorie. Want as die verdelingsproses die kleingroep se mure so laag maak dat lede die heeltyd onveilig voel, gaan dit groei strem. Want elke keer as daar iemand nuut inkom, verander al 'n groep se interaksiepatrone. Dit is so goed of dit is 'n nuwe groep. Dit is veral sleg as die groepsdoel is om mense te help met groei.

As ek wil groei, is dit nodig dat ek eerlik moet wees oor my gebrokenheid en "struggles." Maar om so eerlik te wees moet ek weet die gesprekke in die groep is vertroulik en moet ek veilig voel oor hulle houding jeens my. Dit vat tyd. Voordat die stroomversnelling van geloofsgroei in 'n groep kan plaasvind, moet daar vir 'n redelike lang tyd gelykwater wees.

Ek bepleit dus 'n sisteem waar groepe net groei-en-verdeel as 'n strategie gebruik wanneer die groep die diensfase binnegaan. 'n Groep kan 'n paar keer in sy leeftyd besluit om dit te doen, maar dit mag nie 'n ononderhandelbare gebod, 'n swaard wat die heeltyd oor hulle kop hang, wees nie.

Daar moet ook aan ander kreatiewe maniere van nuwe groepstigting gedink word. Waarom kan mense nie in hulle groep bly, en ander nuwe groepe begin mentor nie? Waarom kan die vestiging van 'n nuwe groep nie een van die "suksesvolle" groep se diensprojekte word nie?

Leer om te onderskei

Die groei en ontwikkeling waardeur 'n kleingroep gaan, is moeilik en ingewikkeld om te verstaan. Dit is met 'n groep amper soos met 'n kind. My swaer het eenkeer vir sy vrou gesê: "Nes ons dink dat ons die kind nou verstaan en weet hoe om haar te hanteer, dan kan ons weet die volgende oggend gaan sy iets doen wat sy nog nooit voorheen gedoen het nie."

Dit is ook van groepe waar. Net as 'n groep op sy "beste" funksioneer, kan jy maar weet: die volgende week sal een van die groeplede oor iets kla. Die rede hiervoor is dat groepe se behoeftes die heeltyd skuif. Eers wil ons mekaar leer ken en emosioneel by mekaar betrokke raak. So gou ons agterkom dit is aan die gebeur, ontwikkel 'n nuwe behoefte: om meer te groei. Want die groep is dan veilig genoeg dat ons eerlik kan sê waarmee ons sukkel. En as daar op die manier van die groeplede se worstelinge op die tafel kom, ontstaan die behoefte by die hulle om geleer te word.

Word die groep só 'n studiegroep, dan voel die lede gou: Ons kan nie net daaroor praat nie, ons moet iets doen; ons moet 'n verskil maak. En as die groep besig is met dien, dan voel dit weer of hulle van mekaar wegdryf en ontstaan die behoefte aan onderlinge sorg weer van voor af. En ons is terug waar ons begin het – die keer net dieper.

Goeie groepe kry dit reg om die heeltyd sensitief te wees vir wanneer die behoefte van die groep aan die skuif is, en skep dan geleenthede waar die lede daaroor kan praat.

Fokus op God

Een van die verwagtings wat dikwels die minste uitgespreek word, maar wat nooit regtig verander nie is dat die kleingroep ons moet help om kontak met God te maak. Ons het almal die behoefte om meer bewustelik voor God te leef.

'n Groep sonder 'n liturgiese moment is nie 'n Christelike kleingroep nie. Daar is baie maniere om bewus te raak van die "onsigbare" God se teenwoordigheid. Aan die begin steek ons 'n kers aan. Ons hou hande vas aan die einde. Ons raak 'n oomblik stil. Ons sing en aanbid God. Ons vertel hoe God ons geseën het en dank God vir sy goedheid. Ons wag in stilte op Wysheid.

Groeplede het verskillende manier om kontak met God te maak. Vir party is dit deur hulle verstand. Vir hulle moet ons help om uit 'n teksgedeelte God beter te verstaan. By ander speel die hart 'n groter rol. Deur sang en gebed kom hulle nader aan God. Nog ander wil net aan sy voete te sit. Stilte en rituele kan hulle help. Party is naby God as hulle iets met hulle hande doen. Aksies en uitreike sal beter werk vir hulle. Groepe sal goed doen om die verskillende maniere van kontak maak met God, af te wissel.

Wisselende leierskap

Dit lyk al meer vir my of leierskap in 'n groep (en in die kerk) bepaal word deur die lede se gawes en die omstandighede. Groepe groei as hulle dit regkry om die lid wat die beste gawes het vir die fase waarin hulle is, toe te laat om voor te vat. Dit is dikwels so dat die persoon wat 'n goeie Bybelstudie kan lei, nie die een is wat die beste 'n atmosfeer van onderlinge sorg kan skep nie. Die mens wat uitreike kan beplan en koördineer, is nie die beste een om oomblikke van stilte en meditasie te skep nie. Maar al die gawes is in die groep. Groepe moet dus al meer aan hulleself dink as mense met 'n koördineerder en wisselende leierskap.

When a leader's job is over he/she can sit back and relax and be one among many, for another of the essential characteristics of koinonia *is a total decentralization of authority.* Koinonia *groups have sometimes been referred to as leaderless groups. It is more accurate, however, to say that a group that has reached* koinonia *is a group of all leaders – the "flow of leadership". (Scott Peck)*